

Preek Jan Steyn 21 Julie 2019

Teks: Jona 1:1-3 (2 Konings 14:23-25)

Tema: Nineve of Tarsis?

Inleiding:

Soos ons met die boek Jona gaan besig wees, gaan ons met onself gekonfronteer word- ons gaan iets van Jona in onself erken. Dinge soos iets van ons eie wegvlug-geskiedenis voor God. Die tweede is dat as ons met die boek van Jona besig is, ons verras en dalk geskok gaan wees deur God se liefde vir die wêreld- ook vir mense van ander lande, tale en kulture as ons eie. Ons gaan ook verras word deur hoeveel God omgee vir sy eie dienaars- wat hy oor Jona se pad bring soos die storm op die see of die vis wat hom insluk, is nie om Jona te straf nie, maar om hom te behou. Colin Smith skryf so mooi hieroor: God cares for His work and His workers, His mission and his missionaries.

Ons moet geen fout maak nie- Jona was baie lief vir God, maar hy voer hierdie stryd met God. Onthou as jy stryd voer met God en stoei met Hom, beteken dit nie jy het Hom nie lief nie. Jy stoei meer met God as jy Hom liefhet as wanneer jy hom eenvoudig ignoreer. Wat is die krisis by Jona dan as Hy God liefhet? Jona het liefde vir God, veral vir God as die nasionale God van sy eie mense, maar hy het nie die liefde wat God vir ander mense het nie.

Die laaste gedagte in die algemeen is dat **hierdie storie van Jona nie eerstens gaan oor God se werk in Nineve nie, maar oor God se werk in Jona. Oor Sy werk in jou en my lewe- dis die kern.** Die werk van God se Gees is nie eerstens om ons te kry om hierdie klomp dinge vir die Here te gaan doen nie. God se hart is eerstens jou en my- die Gees se werk in ons is eerstens om in ons te werk en ons te verander. John Maxwell het al geskryf **God se eerste prioriteit is altyd die mens wat jy besig is om te word.** Ek het ook al gesien hoe God ook die slegste dinge wat op my pad kom gebruik om my te vorm soos wat Hy my wil vorm. Ons moet maar soms deur storms gaan om te begin bid en God te begin seek.

Kom ons gaan kyk bietjie nader na hierdie drie verse wat ons geles het:

Die Woord van die Here roep Jona tot iets nuuts:

Die belangrikste hier is dat die Woord van God is wat tot Jona gekom het. Hy het nie self die ingewing gekry om na Nineve toe te gaan nie. God kom soos met Jona ook eerstens na ons toe deur Sy Woord. Deur Sy Woord wil Hy ons lewens verander en ons stuur.

Jona word nie van die straat afgehaal om profetewerk vir die Here te gaan doen nie. Hy is reeds hierdie ervare profeet wat bekend was in Israel die noordelike ryk met Samaria as sy hoofstad. Hy het reeds vir die Here profeteer teenoor sy eie mense. Maar nou roep die Here hom tot iets totaal nuut- gaan profeteer namens My in die groot stad Nineve. Ek roep jou nou buiteland toe. Nou Nineve was nie sommer lag-lag nie. Dit was die hoofstad van die Assiriërs, die groot vyand van Israel. In hedendaagse taal sou ons dit 'n terroriste staat (terrorist state) noem, baie soos ISIS vandag. Die Assiriërs het die Israeliete swaar verdruk op hierdie stadium waarin Jona geroep word. Hulle het swaar belastings aan die Assiriërs betaal en na Jona se dood het hulle Samaria ingeval en die stad oorwin en veral die leiers in ballingskap weggevoer.

Die profeet Nahum praat van Nineve as bloedstad- hulle was bekend vir hulle intense wreedheid- hulle het mense op skerppunt pale deur die lug ingehys om daar van pyn en ellende te sterf. Hulle is gesien as vloekers van God en die volk wat die mense van Israel se trots en vryheid en identiteit van hulle weggeruk het. Na die hoofstad van hierdie mense word Jona gestuur, die mense wat besig was om sy eie mense te onderdruk en te vernietig.

Baie van die profete van die Ou Testament verkondig God se oordeel oor ander nasies, veral hulle wat Israel verdruk het, maar Jona is die enigste een wat fisies moes gaan na die ander nasie toe oor wie hy die oordeel moes uitspreek. Die Jood wat oordeel oor die groot vyand van die Here se volk moes gaan uitspreek- dit klink na hierdie selfmoordsending- of daar klaar 'n skerp gemaakte paal met Jona se naam op wag.

Ek gee dit as agtergrond sodat ons kan verstaan hoekom Jona nie hierdie profete-joppie wou hê nie. Jona sou baie graag profeet daar onder sy eie mense vir die Here wees, maar vir hierdie nuwe ding waartoe die Here hom roep, sien hy nie kans nie. Dis buite sy gemaksones!

Soms roep die Here jou en my tot iets nuuts. Ek moes iewers verder gaan as net predikant van hierdie gemeente te wees. Die Here roep my toe na 'n interkerklike fraternal toe. Dit was nogal vreemd in die begin. Die charismatiese broers en susters veral bid in tale terwyl jy in Afrikaans bid, hulle skree amen en halleluja as hulle met jou gebed saamstem. En toe word

ek verder geroep na Courageous Conversation toe waar mense van verskillende gemeenskappe en beroepe in die dorp saampraat oor die toekoms van ons dorp. Die afgelope week is ons as fraternal van kerke op die dorp betrokke by die stigting van die Swartland Community Forum waar verskeie belangegroeppe saam praat en dink oor waarheen Malmesbury op pad is en wat ons kan doen om hierdie dorp 'n plek van vrede te help maak waar mense rustig kan woon en werk en aanbid. Ek het amper uit vrees in my gemaksone gebly om maar net predikant vir hierdie gemeente te wees. Ek dank die Here Hy het my gehelp om uit my gemaksone te tree- ek ontmoet wonderlike mense, ek het wonderlike kollegas in ander gemeentes, ek is deel van iets groter as net Swartland-Noord gemeente. Ek sien hoeveel goeie en hardwerkende en self-opofferende mense van alles rasse in hierdie dorp is. Ons het baie uitdagings, maar ek sien die Here aan die werk en ek sien die mense wat Hy hier geplaas het vir wat Hy in Malmesbury wil bereik.

Gaan sit vanmiddag- vra vir die Here- waaarvoor roep U my wat nuut is , wat anderkant my gemaksone is? Na my bure wat so vloek en skel op mekaar, na ouerskap toe vir die eerste keer, in 'n nuwe verhouding in, nuwe werk in, in nuwe manier van dink oor mense en die lewe?

Jona het gegaan, maar hy het die bestemming bepaal:

Ons kan nie sê Jona het by die huis bly sit toe die Here hom geroep het om te gaan nie. Hy gaan soos die Here gevra het, maar hy kies die bestemming. God stuur Jona na die ooste toe, maar hy gaan wes. Hoekom kies hy Tarsis? Tarsis was 'n klein dorpie in Spanje en die eindpunt van die destydse bekende wêreld. 3000 km van waar Jona uitvaar. Dit was ook presies die teenoorgestelde rigting as Nineve. Jona sou amper 1000 km deur dorre woestyn moes loop om by Nineve uit te kom. Na Tarsis kon jy per boot reis wat darem baie geriefliker was. Moenie te vinnig oor Jona oordeel nie- daar sit te veel van hom in ons. Here, ek sal U dien, maar dan op my voorwaardes.

Ons lees twee maal Jona vlug weg van die Here af. Want Jona het soos baie mense van sy tyd geglo elke God is net god oor die grondgebied van sy mense. As hy dus na Tarsis vlug wat buite Israel se grondgebied was, sou hy buite die magsgebied van God beweeg het. Weg wees van Sy teenwoordigheid ook. Nineve was die bloedstad, die stad van Israel se vyande. Dit

neem drie dae om deur die stad te stap, buiten nog vir die meer as 1000 km deur die woestyn. Daar sou hy uitgestaan het- al Jood en daarom loop met hierdie teiken op sy rug. Wat boonop namens sy eie God oordeel oor die mense van Nineve kom uitspreek. Wat was die kans regtig dat hulle na hom as Jood sou luister? Hulle sou vir hom lag en as hulle klaar gelag het, sou die marteling begin.

Tarsis word vertel, was hierdie eksotiese plek- in 1 Konings 10 lees ons Salomo se vloot het in Tarsis eksotiese dinge soos goud, silwer, ivoor, apies en poue gaan haal. Dit was hierdie handelstad en mense van alles tale en kulture het hier saamgekom- amper soos New York of Londen vandag. Omdat daar mense van orals was, sou daar sekerlik van sy eie mense ook wees. Maar hulle sou hom nie ken as profeet nie. In hierdie mengelmoes van mense sou hy kon wegraak en verdwyn dat selfs die Here hom nie sou kon opspoor nie. Hier kon hy anoniem en veilig bly en sou hy nie uitstaan met hierdie teiken op sy rug soos in Nineve nie. In Tarsis sou hy vir homself 'n nuwe gemaklike kon bou.

Die optrede van Jona herinner hier aan die optrede van die jongste verlore seun in Lukas 15: Pa, gee my geld dat ek kan weggom van jou en van jou reëls sodat ek my eie lewe op my eie terme kan gaan bou. Die jongste seun gaan in 'n ander rigting as wat die vader wou hê- Jona gaan in 'n ander rigting as wat God wou hê. Hy vlug ook weg voor die aangesig van sy Vader.

Waar is Tarsis in jou en my lewe en in die kerk se lewe?

Tarsis is simbool van dit wat vals en kunsmatig is. Tarsis het ek reeds beskryf was hierdie flashy en eksotiese plek. Dit is die **welvaartsevangelie** wat deur die samelewing en selfs sekere dele van die kerk gedryf word: jy is soos wat jy aan die buitekant lyk, jy is suksesvol en net iemand as jy geld, status, grade en aansien het of gewild is en meer as 'n miljoen followers op you tube of sosiale media het. Die welvaartsevangelie of prosperity gospel leer jy kan net deur God geseen wees as jy baie geld en goed het en as jy fisies gesond is: Children of the mighty God can't be poor and can't be sick. Anders het jy nog nie die sleutels ontdek om God se seeninge aan jou te ontsluit nie. Tarsis is as ons die kerk net meet aan uiterlike goed soos die kwaliteit van ons geboue, die stabiliteit en hoeveelheid van ons geld en hoe vol die banke Sondag sit. Omdat God hier aan die werk is, is wat in mense gebeur en tussen mense gebeur die belangrikste.

Tarsis is hierdie vals beeld wat ons van onself en die kerk probeer skep. Weet jy ek gaan deur 'n moeilike tyd- maar jy weet ek en my familie was mos nog altyd sterk mense. Ons can cope. Ons het nie hulp nodig nie. Of oor die kerk- ons ontken so maklik die gebrokenheid daarvan- ons wil die indruk skep hierdie is altyd 'n gelukkige en voortuitstrewende gemeente- Kerkrade praat nie graag met gemeentes oor spanning in die leierskap of die geldsake wat nie so lekker loop nie. Ons wil nie hierdie beeld versplinter van God se gemeente wat altyd gelukkig en voorspoedig en vooruitstrewend moet wees nie.

Tarsis is al die maniere wat ons gebruik om van God en onself weg te vlug- drank om ons pyn te verdoof, sosiale media om ons eensaamheid te probeer hokslaan, dit wat ons koop wat ons glo ons innerlike leegheid sal wegneem. Ons glo mos as ons kaste vol, is gaan ons harte en siele ook vol wees. Ek onthou vir een ou uit my verlede was sy gemeente, sy kerk Tarsis- sy ma het my altyd vertel haar seun is te besig met sy pligte by die kerk as ouderling om haar te bel en vir haar te kom kuier. Sy het altyd half hartseer maar ook trots gesê: my seun is net onder die dominee- preek selfs as die dominee nie daar is nie. Die een manier om van God weg te vlug is deur immoreel en ongodsdienstig te word- soos die jongste verlore seun in Lukas 15. Deur morsig te lewe. Die tweede manier om van God weg te vlug is deur baie godsdienstig en moreel te lewe. Dis die oudste verlore seun- altyd by die pa gewees maar nooit sy liefde verstaan nie en is daarom ook kwaad vir die genade wat aan sy jongste broer betoon word. Jy sit elke Sondag in die kerk, maar jy het hierdie liefdeloosheid of oordeelsugtigheid oor ander mense.

Waar is Nineve in jou en my lewe en die kerk se lewe?

Nineve was nie net hierdie groot stad waar heidene in die Bybelse tyd gebly het nie- teenoorgestelde van Jerusalem waar hulle geglo het God en Sy mense gebly het. **Nineve is simbool van die plekke in ons lewens waar ons God nie wil toelaat nie- waar ons nie wil hê God in Sy genade moet kom nie.** Here, ek sal jou my uur elke Sondag vir kerk gee en soms as ek krag het stiltetyd hou en bid, maar my geld is myne. Ek maak daarmee wat ek wil. Maar ek is darem bereid om vir Jou kerk te gee as daar iets oorbly! Of: Here, ek sal altyd wit mense help waar ek kan. Maar 'n swarte help ek nie. Ek haat daai spesie te veel. Here, ek haat my eksman, ek haat my eksvrou- vra van my alles- net nie om daardie haat te laat gaan nie. Here,

ek sal jou Sondag dien, maar die res van die week is myne. By my werk kan jy in elk geval nie hierdie ding doen van Christelik en ordentlik wees en mense met respek behandel nie- Here, weet U hoe lyk die mense saam met wie ek werk en met wie ek moet werk?

U sien, as ons vrede met God het, sal ons bereid wees om na daardie deel van ons lewe waar ons God nie wil toelaat nie, weer te kyk. Ons sal bereid wees om God se boodskap, God se Woord ook daar toe te laat.

Tweedens is Nineve die plekke en mense waarheen God ons stuur maar waar ons liever nie wil gaan nie- dalk die huis met die vrou met kanker, die gesin waar iemand 'n drankprobleem het of ons vermoed die kinders word mishandel of die vrou word geslaan. Dalk is dit daardie oom of tannie wat so needy is as jy daar kom dat jy net oorlaai voel met haar probleme en dat jy voel- ek het nie krag hiervoor nie. Nineve is dus simbool van die plek waar mense ly. Die plek waar nood is. Waar daar onreg is. Dis die plekke en mense waarheen die Here juis SY kinders en die kerk stuur. Iemand skryf Nineve is wat jou ook al uit jou gemaksonne kom uithaal.

Derdens is Nineve die mense wat jou diep seer gemaak het, soos wat die Assiriërs vir Jona en sy mense gemaak het. Dan stuur die Here ons na hierdie mense met die opdrag- gaan bly in verhouding met hulle, begin weer oor met hulle, gaan vergewe hulle soos wat Ek jou vergewe het.

Die simbool van Nineve help ons nie net om te verstaan hoe is hierdie dorp, hierdie omgewing, hierdie land om ons waarheen die Here ons stuur nie. Dit **vertel ons iets van die kerk of gemeente self:** Hieroor skryf Eugene Peterson: **A congregation is a Nineveh-like place: a site for hard work without a great deal of success-at least success as measured on the charts.** Ons gemeente is meer soos Nineve as Tarsis- ons gaan dalk nooit elke bank elke Sondag vol sit nie- ons gaan dalk nie ons orrel of klankstelsel langtermyn in stand kan hou 100 % presies soos wat dit behoort te wees nie, ons gaan dalk soos in die verlede dalk eendag weer spanning in leierskap ervaar, die finansies gaan dalk nie lekker klop nie, miskien sal sekere mense wat lank saam met ons kom iewers vorentoe besluit ek gaan nou ander weivelde geestelik soek. Ons gaan nie altyd net hoogtepunte ervaar soos met die afgelope passiespele nie. Dis die lewe, dis kunsmatig en vals om te dink en te verwag dit sal net altyd met jou goed gaan of met 'n gemeente goed sal gaan. Die Here het nooit vir Jona beveel-

Jona, gaan stel 'n risiko-assessering op om te sien of jy suksesvol kan wees voor jy gaan nie. Hy het hom gevra- Jona gaan, of jy nou suksesvol is of nie- wees net gehoorsaam. Die Here vra ook nie of SY kerk suksesvol is nie, hy vra dat ons gehoorsaam sal wees.

Slot:

Ferdinand Deist skryf in die God van Jona:

Dis omdat Jona, anders as Jesus van Nasaret, die ander nie liefhet nie, dat hy wegvlug van sy opdrag af. Jona is aan die vlug vir die liefde. En dis dié liefde wat die bindinge van die eie ek kan deurbreek om jou vry te maak vir die leed van ander. Een, die Seun van God self, het deurgegaan met hierdie liefde en toe gesê: Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. Maar Jona wou nie.

Sal jy gaan? Sal ek gaan? Sal hierdie gemeente gaan? Na die plekke en mense waar God ons ook al roep en stuur?

Amen